



eduresourceza.com



Hoërskool Vredenburg

Net die beste gee voldoening

Toerisme

Graad 10

Taak 2: Kontrole Toets

Maart 2024

Eksaminator: L. Basson

Moderator: M. van Hooi

TOTAAL : 50

TYD: 1uur

Instruksies en inligting:

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.
2. Beantwoord al die vrae duidelik volgens die voorskrifte en nommer die vrae korrek.
3. Laat reëls oop tussen die verskillende onderafdelings Van jou antwoorde.
4. Begin elke nuwe vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n kantlyn aan die regterkant van jou antwoordblad vir nasiendoeleindes.
6. Netjiese werk is 'n vereiste.
7. Lees jou vrae sorgvuldig en gebruik die puntewaarde by elke vraag as 'n aanduiding van die lengte van jou antwoord.
7. **STERKTE!!**



VRAAG 1

Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die regte antwoord en skryf **slegs die letter (A – D)** langs die vraagnommer **(1.1.1 – 1.1.10)** op jou antwoordstel neer, bv. 1.1.10 C.

1.1.1 **John Jones, 'n student van Londen, het 'n beperkte reisbegroting. Kies die tipe verblyf wat by sy behoeftes sal pas.**

- A 'n Vyfster-hotel
- B luukse gastehuis
- C Backpackers lodge
- D B&B

(1)

1.1.2 **Watter van die volgende is 'n tipe aktiwiteit wat 'n ekotoeris sal geniet?**

- A Neem deel aan werkswinkels.
- B Rekspronge by Bloukransbrug.
- C Besoek fabriekswinkels.
- D Geniet wildritte in die natuur.

(1)

1.1.3 **'n Slaapkamer met sy eie privaat badkamer, staan bekend as 'n**

- A selfsorgeenheid.
- B suite.
- C en-suite.
- D dakwoonstel.

(1)

1.1.4 **Toeriste het verskillende behoeftes, voorkeure en verwagtinge wanneer hulle reis. Hulle behoeftes word bepaal volgens wie se hiërargie.**

- A Maslow
- B Freud
- C Skinner
- D Wundt

(1)

- 1.1.5 'n Ryk sakeman wat in Johannesburg woon, moet op kort kennisgewing 'n vergadering in Kaapstad bywoon. Dui aan watter tipe vervoer die geskikte sal wees.
- A Trein
 - B Motor
 - C Bus
 - D Vliegtuig
- (1)
- 1.1.6 'n Ontbyt waar die verskillende geregte aantreklik uitgestal is en gaste hulself help.
- A A la carte ontbyt
 - B Buffet ontbyt
 - C Kontinentale ontbyt
 - D Engelse ontbyt
- (1)
- 1.1.7 Watter EEN van die volgende opsies pas NIE by die SBT: spesiale belangstellingstoeriste nie?
- A Kos (cuisine toere)
 - B Wyn (besoek wynplase & wynproe toere)
 - C Spooktoere
 - D Rugby-Wêreldbeker
- (1)
- 1.1.8 Suid-Afrika se voorste safari- en luukse trein:
- A Van Rowos
 - B Blou Trein
 - C Umgeni-stoomtrein
 - D Gautrein
- (1)
- 1.1.9 Die graderingsraad van Suid-Afrika staan bekend as:
- A Stars SA
 - B TGCSA
 - C SSSA
 - D Hotel stars
- (1)
- 1.1.10 'n Johannesburgse sakeman het 3 ure om in die Kaap te kom,

watter manier van vervoer gaan hy van gebruik maak?

- A Taxi
- B Vliegtuig
- C Gehuurde motor
- D Die bloutrein

(1)

10 x 1 (10/2 = 5)

1.2 Verduidelik die volgende terme:

1.2.1 Toerisme (2)

1.2.2 Toeris (2)

1.2.3 Dagtoeris (2)

Vraag 2

2. Trek die onderstaande tabel oor in jou antwoordboek en klassifiseer die lys van attraksies in die regte kategorie.

Teater, u Shakha Marine world, Weskus Nasionale Park, Sterkfonteingrotte, Victoria watervalle, Nasionale Museum, Gold Reef City, Tafelberg, Botaniese tuin, God's Window	
NATUURLIKE ATTRAKSIES	MENSGEMAAKTE ATTRAKSIES
1.	1.
2.	2.
3.	3.
4.	4.
5.	5.

[10/2=5]

TOTAAL AFDELING A:[15]

AFDELING B - TOERISMESEKTORE

VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

Fortune Hotel - Kaapstad

Fortune Hotel is naby die Victoria en Alfred Waterfront, Tafelberg, en die Kaapstad-stadion. Konferensie-afgevaardigdes sal die Kaapstadse Internasionale Konferensiesentrum naby vind. Daar is ook 'n binnenshuise swembad, 'n sauna en 'n fiksheidsfasiliteit. Koordlose internettoegang is in alle openbare areas en daar is 'n sakesentrum op die perseel. Die hotel bied ook 'n a la carte restaurant, 'n koffiewinkel en 'n kroeg/sitkamer. Teen 'n toeslag het gaste toegang tot 'n pendeldiens en gasteparkeerplek. Die personeel kan toer-/kaartjiebystand en geldeenheidruil reël. Redelike tariewe aangebied.



- 3.1.1 Noem uit die gevallestudie EEN tipe toeris by wie hierdie hotel sal aanklank vind. (1)
- 3.1.2 Gee drie redes, geneem uit die advertensie, om jou antwoord te staaf. (3)

- 3.2. Kies 'n woord(e) uit die advertensie wat die beste by elk van die volgende pas
- 3.2.1 Die prys wat deur die hotel gehef word (1)
- 3.2.2 'n Bykomende of ekstra bedrag om te betaal (1)
- 3.2.3 'n Spyskaart wat 'n verskeidenheid geregte het, waaruit jy kan kies (1)
- 3.2.4 Deel van die hotel vir die gebruik van alle gaste (1)
- 3.2.5 'n Persoon wat 'n konferensie bywoon (1)
- 3.2.6 Die beskikbaarheid van vervoer (1)
- (10)**

- 3.3 Kies die tipe toeris uit Kolom B wat pas by die beskrywing in Kolom

A. Skryf slegs die letter (A – G) langs die vraagnommer neer. Bv.
(3.3.6 – K)

	Kolom A		Kolom B
3.3.1	'n Student van die Universiteit van Pretoria reis na Parys, Frankryk om navorsing te doen.	A	Sporttoeris
3.3.2	Rekspring by die Stormsrivierbrug	B	Kulturele toeris
3.3.3	Ondersteuners van die Protea Krieketspan reis na Indië.	C	Avontuurtoeris
3.3.4	'n Toekenning vir jou harde werk is 'n naweekwegbreek.	D	Opvoedkundige toeris
3.3.5	'n Vakansie in die Kruger Wildtuin.	E	Aansporingstoeris
		F	Donkertoeris
		G	Ekotoeris

(5)

TOTAAL AFDELING B: 15

AFDELING C-VERVOER EN VOEDSEL EN DRANK INSTELLINGS

VRAAG 4

Bestudeer die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae.

Mnr en Mev Molefe beplan om van Durban na Johannesburg te reis.

Hulle het 'n weeklange vakansie in die Magaliesberg beplan.

Met hul aankoms by OR Tambo Internasionale Lughawe, sal hulle Gautreinkaartjies koop en na Pretoria reis. 'n Rit op 'n luukse bus van Pretoria neem hulle na hul verblyf in die Magaliesberg.

4.1 Skryf 'n KLASSIFISERENDE PARAGRAAF van ongeveer 10 reëls oor die verskillende tipes vervoer wat hulle sal gebruik. Gebruik die riglyne hieronder om jou te help met jou antwoord.

- Identifiseer TWEE tipes vervoer wat die Molefe-paartjie gedurende hul reis sal gebruik.
- Vergelyk die twee tipes vervoer deur EEN voordeel en EEN nadeel van ELK te noem.
- Toeriste kies tipes vervoer gebaseer op hul behoeftes, voorkeure en verwagtings, maar ander faktore kan hul finale keuse beïnvloed. Bespreek EEN van hierdie faktore.

(8)

VRAAG 5

Identifiseer die tipe kos en drank ondernemings wat deur die volgende logo's verteenwoordig word. Skryf die tipe neer vir elk.

5.1.1



(1)

5.1.2



(1)

5.1.3



(1)

5.1.4




(1)

5.1.5



(1)

5.1.6



(1)

- 5.1.8 Wat sal tipiese goedere wees wat gevind sal word by vlooiemarkte? Noem DRIE dinge. (3)
- 5.2 Beskryf die volgende termes:
- 5.2.1 Taverne (1)
- 5.2.2 Sjebien (1)
- 5.2.3 Pubs (1)
- (12)

TOTAAL AFDELING C: 12

GROOTTOTAAL : 50